***Die huwelik van Faustus en Lydia. Wat Elohim verbind het, mag geen mens skei nie***

**236** Die Hoofregter en die gewone regter en Kisjonah, Baram, JonaEl, Jaïrus en ArgiEl gaan nou saam met My die eetkamer binne, en gebruik ongeveer `n halfuur na sonsondergang saam met My en al My mense `n goed voorbereide, ryklike maaltyd. Die nog ongehude **Hoofregter** skep `n groot behae in die oudste dogter van Kisjonah en sê aan My: "Edele vriend, U weet hoeveel ek, ondanks die verskil in godsdiens, of respektiewelik die leer van God, van U hou omdat ek in U geen sluwe, bekrompe Judeër, maar `n baie ope en vrysinnige, en tewens veelsydig ontwikkelde en in al die wetenskappe baie ervare mens gevind het.

[2] Daarom vertrou ek U nou ook toe dat Kisjonah se dogter my buitengewoon goed geval. Soos U wel weet, is ek egter `n Romein en sy sal ongetwyfeld `n Judeër wees, wat haar mooie hand aan geen heiden, soos ons deur die Judeërs genoem word, mag gee nie. Gee my nou raad, my vriend, is daar iets aan te doen? Sou sy onder geen enkele voorwaarde my vrou kon word nie? Kom, doen my `n middel aan die hand!"

[3] **Ek** sê: "Jy is `n Romein en sy is Grieks en geen Judeër nie, en dus is daar van nature niks wat jou verhinder om haar aan Kisjonah om die huwelik te vra nie, wat haar ook sekerlik aan jou sal gee. Dat sy egter geestelik, netsoos hierdie hele huis, volgens My aan jou nie onbekende leer, tog `n Judeër is, dit sal vir jou tog geen steen des aanstoots wees nie!"

[4] Toe sê die Hoofregter, wat **Faustus Caji Filius** heet: "Dit moes nog daarby kom! Ek is immers self in my hart een van die vurigste aanhangers van U goddelike leer! Want ek glo dat `n God wat `n wêreld kon bou en daarop allerlei lewende wesens, en ten slotte die mens self kon skep, buitengewoon wys moet wees! As so `n wyse Elohim aan, sê maar, Sy mense, `n leer wou gee, dan sou Hy hulle tog onmoontlik `n ander een kan gee as een wat presies ooreenstem met die natuur, en met die beste instandhoudingsbeginsel van die mens te midde van die mense.

[5] Nou, U leer het daardie gees en karakter in sigself en is daarom suiwer goddelik, en ek het dit daarom as algeheel waar vir my hele lewe aanvaar, en ek verkondig dit aan my hele huis, en aan al my baie ondergeskikte beamptes. As dit dus so is, dan is alles al heeltemal in orde, op die instemming van die vader na!"

[6] "Wel", sê **Ek**, "dié het jy al, net soos die liefde van die mooie Lydia. Kyk maar hier agter jou, dan sien jy die deur-en-deur gelukkige Kisjonah wat van vreugde nie weet wat hy moet doen nie, omdat sy huis so `n eer te beurt geval het!"

[7] Faustus kyk om en **Kisjonah** sê: "Meester en gebieder oor ons hele Galilea en Samaria! Is dit moontlik dat u my Lydia as vrou wil hê?"

[8] **Faustus** sê: "O ja, as u haar maar aan my wil gee - uit duisende is sy vir my die enigste!"

[9] Kisjonah roep Lydia. Sigbaar verleë van liefde en groot blydskap kom sy nader en Kisjonah sê aan haar: "Wel, liewe dogter, sou jy wel geseënd wil wees met hierdie edele man?"

[10] En **Lydia** sê, terwyl sy haar oë neerslaan, na `n rukkie: "Waarom vra u dit nog aan my? Toe die edele Faustus vandag hier aankom en ek hom vir die eerste maal sien, hoor ek my hart sê: Hoe gelukkig moet die vrou van hierdie adellike man tog wees! En sou ek dan nou, as hy my begeer, nee aan hom sê?"

[11] **Kisjonah** sê: "Maar wat sal jou geliefde JaHshua daarvan sê?" **Lydia** sê: "Ons is almal van Hom afkomstig! Hy is die Skepper, en ons is Sy skepsele wat Hy nou tot egte kinders maak! Ondanks dit bly Hy die diepste dieptes van my hart vervul!"

[12] **Faustus** lyk verwonderd en sê, baie verbaas oor hierdie onverwagte getuienis van Lydia oor My: "Wat, wat - wat moet ek nou hoor? Kan dit dan wees dat `n hele mooie droom wat ek kort gelede gehad het, op die een of ander wyse `n egte betekenis het? Die hele hemele sien ek geopen; alles was lig, al die tallose wesens was lig, en in die diepste diepte van die hemele sien ek blykbaar U, my vriend JaHshua, en al die wesens wag asof met ongeduldige vreugde op U aanwysing, om U bevele binne `n oomblik aan die hele oneindigheid te verkondig!

[13] Toe meen ek om in U ewebeeld, wat die glans van die son by verre oortref, Zeus te herken en ek verwonder my baie daaroor dat U so buitengewoon baie na Zeus lyk. In die geheim beskou ek U sedertdien as `n aardse seun van die belangrikste Elohim, wat ek vereenselwig met JaHWeH van die Judeërs, en met Brahma van die mense uit Indië. Daarby hou ek al die ander gode netsoos U as Sy aardse kinders, wat Hy by tye by die dogters van die aarde verwek om die mense met sulke seuns leiers, leraars en opwekkers te gee!

[14] Maar nou kry die droom opeens `n baie ander aanskyn; U is Self die lewende Zeus, Brahma of JaHWeH, wat in lewende lywe by ons is en ons Self U goddelike Wysheid leer, omdat U vroeëre kinders wat op aarde was, sleg geleer en dit nie voldoende in praktyk gebring het nie!

[15] As dit so is, en dit kan haas nie anders nie, kry ek hierdie buitengewoon mooie vrou direk uit die hande van my Elohim, my Skepper en daarom hoef ek nie meer te vra of ek met haar gelukkig sal wees nie!

[16] Maar nou het my verlange dan ook `n baie ander aanskyn verkry! - Skoonste Lydia! Kyk nou na die Meester! Dit gaan nou nie meer om ons wedersydse verlangens en begeertes nie, maar slegs om die heilige wil van die Enige der Eniges, die Meester van al die Glansrykheid, die God van alle gode, uit wie die hemele, son, maan en die aarde en ons almal voortgekom het!

[17] Waaragtig goddelike JaHshua! As U dit goed vind dat Lydia my vrou word, dan is sy my vrou; maar as U daar ook maar die minste beswaar teen het, sê dit dan, en my lewe wy ek geheel-en-al aan die uitvoer van U wil!"

[18] **Ek** sê: "Edele broer van My! Ek het julle al geseën en julle is dus al volkome verenig; maar, moenie vergeet nie:

[19] Wat Elohim verbind het, mag geen mens weer skei nie, en so bly `n ware huwelik vir ewig geldig! `n Verkeerde, wêreldse huwelik is egter vir Elohim definitief geen verbintenis nie, en daarom net so ontbindbaar as die wêreldse mense en al hulle ooreenkomste wat by voorbaat al niks anders is as pure hoerery, waardeur die kinders van die

satan in hul jammerlike bestaan gebring word. Julle is nou volledig man en vrou, en één vlees vir Elohim. Amein!"

[20] Na hierdie woorde van My, omarm hulle mekaar en begroet mekaar met `n kus.

[21] Dat dié snelle huweliksvoltrekking in die hele Kis `n groot opskudding veroorsaak, en dat Kisjonah nou self-beraad hou oor `n ryke bruidskat, is heel vanselfsprekend.

### *Aankoms van Philopold. Vervolg van die regsitting*

**237** Toe die eerste opwinding oor die gebeurtenis ietwat afgekoel het, kom die aan ons bekende Philopold uit Kana daar aan, wat dadelik na My toe kom en My wil vertel hoe hy in Kana alles gereël het.

[2] Maar **Ek** begroet hom baie vriendelik, en sê aan hom: "Ek weet alles alreeds; jy is My leerling, gaan nou na My ander leerlinge, want hulle sal jou baie te vertel hê. Ek het vannag nog veel te bemiddel. Maar môre al sal ook ons die nodige met mekaar bespreek; want jy moet `n bekwame werktuig vir My word."

[3] Philopold gaan nou na die leerlinge en byna op dieselfde oomblik meld die opsieners dat reeds al die uitgenooides uit Kapernaum en Gorasin aangekom het, en hulle vra wat daar nou moet gebeur.

[4] **Ek** sê: "Bring hulle eers na hulle kinders toe, en gee hulle te eet en te drink! Ons sal intussen `n buitengewone sitting hou met die twaalf fariseërs."

[5] Die opsigters gaan weg en Faustus vra My of dit nie beter sou wees dat Ek die twaalf verhoor en dat hy slegs as griffier moet optree nie.

[6] Maar **Ek** sê: "Nee, broer, dit sal nie gaan nie; want vir hulle geld maar net jou amptelik gesag en daarom dra jy ook die ring van die keiser as teken van jou mag aan jou regterhand, en daarby nog die swaard en die staf; jy moet hulle dus self verhoor. Maar Ek sal jou wel voorsê wat en hoe jy moet ondervra, en hulle sal jou nie ontsnap nie! Laat ons daarom maar gou tot die geveg oorgaan; want die nag is nie meer so jonk nie."

[7] Daarom gaan ons toe dadelik na die Geregshuis, waar die twaalf met hulle dertig belangrikste handlangers, goed bewaak deur `n sterk wag, met groot angs en vrees op die Hoofregter sit en wag; want hulle het nou geen tyd en geleentheid meer om êrens `n tiental valse getuies op te soek nie, wat vir hulle sou gelieg, en op die leuens ook nog gesweer het; want die tempel beloof `n besondere barm-hartigheid aan elkeen wat ten gunste van die tempel en al die dienaars `n vals eed aflê as die omstandighede dit vereis. Maar vooraf moes so iemand natuurlik behoorlik ingelig wees, welke in hierdie geval absoluut onmoontlik was.

[8] Onder begeleiding van Kisjonah, Baram, JonaEl, Jaïrus en die engel ArgiEl asook die onderregter en `n aantal skry-wers, gaan ons nou die geregsaal binne.

[9] Dadelik met ons binnekoms vra die vernaamste **fariseër** woedend aan Faustus: "Wat vir `n manier is dit om ons priesters van Elohim, terwyl ons ons sonder meer al tot alles wat verlang was, bereid verklaar het, nou nog soos gewone boewe gevange te hou? Sowaar as wat ons dienaars van Elohim is: - as julle ons nie dadelik ons volle vryheid gee nie, dan sal Elohim weet om dit te bestraf!"

[10] **Faustus** sê: "Wees rustig, anders is ek genoodsaak om julle tot rus te dwing; want ons het nou besonder belangrike sake met mekaar te vereffen! Luister nou aandagtig na my!

[11] Ek het al eerder aan u gesê dat, volgens my, julle groot skat presies lyk soos dié een waaroor ek u al eerder ondervra het. Op één punt na is dit my nou alles goed duidelik oor die aanslag op die belastinggelde en ander skatte wat van Pontus en Klein-Asië na die keiser in Rome versend is, en toe vermis geraak het, en dit is die volgende:

[12] Die belastinggelde en die ander skatte was, volgens die gegewens, deur byna `n kwart legioen Romeinse soldate begelei; dit kon dus nie so maklik gewees het om so `n geweldige begeleiding te oorweldig, uit die weg te ruim of minstens op die vlug te laat slaan nie.

[13] Dat die gelde en skatte regstreeks deur uself deur lis en geweld of deur julle nog sluwere kollegas van die Romeinse leiers gesteel is, is vir my heeltemal duidelik; daarvoor het ons ook geen bewys meer nodig nie, omdat ons intussen meer as honderd getuies daarvoor het; maar, soos gesê, daar ontbreek slegs nog maar hoe en op watter manier dit gebeur het, en ten slotte nog die juiste bedrag, hoe groot dit was, sodat ek in staat kan wees om saam met die gelde en ander skatte `n juiste verslag na die keiser in Rome te stuur."

[14] Die vernaamste **fariseër** sê: "Meester, hierdie laster is te grof, dit moet van ons afgeneem word! Al het u duisend valse getuies teen ons, dan sal dit u tog weinig help; want ons staan te stewig in ons skoene en u sal ons met al u mag tog geen haar kan aanraak nie! Bespaar u daarom maar al die verdere moeite, want van nou af aan sal u geen antwoord meer waardig geag word nie, behalwe één tot u verderf!

[15] As u die fariseërs tot op hede nog nie geken het nie, dan sal u hulle nou, of ten minste binnekort, leer ken! Want so `n ontsettende beskuldiging kan ons nooit op ons laat rus nie. Vanweë die bosbeskadiging was ons toegeeflik, hoewel ons volgens ons wette nie hoef toegegee het nie; maar ter wille van die liewe vrede het ons u hoogs onregverdige oordeel aanvaar. Maar daarop kom ons nou terug, en as u so misdadig sou wees om ook maar iets van die goud, die pande of die skatte aan te raak, dan sal u dit nie net honderdvoudig moet vergoed nie, maar dan is dit ook met al jou glorie totaal afgeloop! Want op hierdie oomblik sal die mense in die tempel al weet wat hier op so `n allerbrutaalste manier met ons gebeur."

[16] "So", sê **Faustus**, "dus, op hierdie manier wil u uself uit die val uitred? Goed en wel, nou weet ek dan ook baie presies wat ek met u moet doen! Julle verhoor is nou afgehandel; die saak is deur honderd getuies vasgelê, en julle skuld is bewys! Meer sê ek nie aan u nie, en ek stel `n ultimatum - die geregsdienaars staan buite:

[17] As julle dertig handlangers wil praat, dan behou hulle hul lewens; as hulle egter nie wil praat nie, dan word hulle, netsoos u, nog vannag onthoof! Dan sal u wel besef hoeveel vrees ek vir u het!"

[18] Na hierdie baie koelbloedige, kragtige taal van Faustus kom al **dertig handlangers** na vore en roep: "Meester, spaar ons lewens; ons sal vir u haarfyn beskryf hoe dit gebeur het!"